# 20 Maart 2024 - Lesing 266 - Wenke van Abba Vader vir die eindtyd - Deel 3

***Aan Bertha Dudde deur die innerlike Woord***

God wil erken word - Motivering vir die openbaringe – 20/2/62

**NO: 8106** Daar kan nie dikwels genoeg gesê word dat Ek Myself aan die eindtyd buitengewoon sal openbaar nie, want Ek wil julle mense graag van ondergang red.

Ek maak gebruik van baie middele. Ek spreek elke individuele persoon aan in sy lewenslot. Ek toon Myself in ongewone gebeurtenisse van allerlei aard, omdat alles wat gebeur My wil of My toelating is. En Ek spreek met julle mense **direk van bo** af deur My woord te stuur, want Ek wil net daardie een ding bereik, dat julle Myself sal herken in alles wat gebeur, in alles wat julle oorkom, of dit nou van 'n gelukkige of hartseer aard is.

Ek wil net deur julle erken word. Ek wil hê julle mense **moet glo in 'n God en Skepper wat julle Vader wil wees en wat in Sy liefde alles sal probeer om julle harte te wen**.

Daarom openbaar Ek dus Myself. Daarom gee Ek ook vir julle **My woord van bo**, want julle moet 'n verduideliking kry waarom alles gebeur en dat julle besef dat daar Een bo julle staan wat al die gebeure lei, alhoewel Hy die vrye wil van mense in ag neem. Maar My wil en My krag sal dit regkry om alles te rig wat die wil van die mense verkeerd doen en daarom lê veel verantwoordelikheid by die mense self.

Maar aangesien julle mense gewoonlik onwetend is sodat by julle die regte insig ontbreek, probeer Ek dit ook aan julle stuur deur vir julle inligting te gee oor die **sin en doel van julle aardse bestaan en julle taak op aarde**.

Julle mense het nie meer baie tyd tot julle beskikking nie, maar dit kan nogtans voldoende wees om julle aan te moedig om op My Self as julle God en Skepper af te stuur. En dit is die enigste ding wat Ek graag wil bereik, sodat julle op die einde nie hoef te vrees vir die **hernieude kluistering** wanneer die hele aardse skepping weer opnuut in orde gebring word nie. Dit sal julle dus as rede moet laat geld wanneer Ek Myself aan julle openbaar **deur My woord**.

Ek spreek julle toe. 'n Ongekende genade wat My liefde aan julle betoon, **omdat My woord 'n krag is** wat maklik 'n **wilsverandering** in julle kan bewerkstellig. En dan sal julle gered wees vir alle ewigheid, wanneer julle wil verander, wanneer dit op My gerig word **en Ek julle nou ook kan vashou**.

Want dit gaan oor julle vrye wil. **Nie Ek of My teëstander kan julle wil in enige spesifieke rigting dwing nie.** Maar My Woord kan verseker dat julle jul wil aan My gee, omdat julle deur My Woord My Self en My Wese leer ken, **want My Woord is 'n direkte uitstraling van My liefde** wat in julle kan ontbrand en omdat julle dan naderkom aan My Self wanneer julle gewillig na My Woord luister en daarvolgens werksaam word.

Dit is 'n genademiddel met so 'n belangrike werking dat julle mense gewek sal kan word tot 'n lewe wat vir ewig sal duur. Want dit is die lewe self. **Dit is 'n uitstraling van krag** wat enigiets wat dood is, tot lewe kan wek as hy net sy weerstand sal prysgee.

Daarom sal julle dus na My moet luister wanneer Ek Self tot julle spreek. Julle moet nie My boodskappers verwerp wat My Woord vir julle bring nie, **want Ek stuur hulle Self na julle toe,** omdat Ek die harte sien wat net die straling van My liefde nodig het om lewend te word, sodat hulle die ewige dood kan ontvlug.

En wie geen ag slaan om saggies deur My aangespreek te word nie, sal Ek hard moet toespreek, wat voor die einde nog dikwels sal gebeur. Want waar Ek ook al ‘n moontlikheid sien om menseharte sag te maak, daar sal Ek geen steen onaangeroer laat nie, **want dit gaan nie oor die welsyn van die liggaam nie, maar oor die toestand van die siel** wat nog voor die einde gered moet word.

Moenie aan My Liefde twyfel nie, want alhoewel julle mense Haar nie altyd kan herken nie, tog is Sy die rede vir alles wat julle ervaar en wat julle ook dikwels pynlik tref.

En solank daar nog 'n moontlikheid bestaan om aan die harte van mense te werk, sal Ek nie nalaat om hulp te verleen nie. Want Ek wil nie hê dat julle verlore moet gaan nie. Ek wil hê dat julle die ewige lewe verwerf en salig word. Amein.